Nuusbrief 195

22 April 2015

Geagte Lede,

"BELANGRIK" - INDUSTRIE VERGADERING MET NRVS

Lede word herinner aan 'n dringende vergadering met die NRVS op die 30ste April om 10:00 by die NRVS in Groenkloof Pretoria. Die vergadering volg op 'n vergadering wat die uitvoerende beamptes van SAWPA en SAUPA op die 6de Maart met die waarnemende algemene bestuurder van die betrokke afdeling in die NRVS gehad het. Dit het gehandel oor die heffingsverklaringsvorm en aansoekfooifakture, asook die algemene vordering en implementering van VC 9092 en die regulering van verduursaamdehout. Die hoof bekommernis wat tydens die vergadering opgekom het, is die NRVS se voorneme om terugwerkende betaling van heffings tot en met Januarie 2012 te implementeer. Die vergadering van 30 April is deur die NRVS belê met die doel om die voorafgaande te bespreek en hulle voornemens met die bedryf te deel t.o.v. die beplande implementering van VC 9092 en die regulering van houtverduursaming. Lede word versoek om 'n daadwerklike poging aan te wend om die vergadering by te woon ten einde die NRVS in te lig dat ons nie ten gunste van die terugwerkende invordering van heffings is nie, en ook om ons algemene ontevredenheid te kenne te gee t.o.v. hulle regulering, of eerder die gebrek aan, sedert Oktober 2009.

NOTA: Die van u wat beplan om die vergadering by te woon en deur ORT invlieg kan die Gautrein opsie gebruik vir vervoer na en van die NRCS/SABS. Klim op die Gautrain by ORT, klim oor by Marlboro stasie na PTA/Hatfield lyn, en neem dan die train tot by Pretoria stasie. Maak gebruik van die Groenkloof bus en klim af by die SABS (3de stop). Die koste vir 'n enkel rit (Uitsluitend R10.00 vir goue toegang- en herlaai kaart) is onderskeidelik R155.00 en R6.00 vir die trein en bus rit. Totale retoer koste na en van is R322.00 + R10 indien u nie goue kaart het nie.

NUUTSTE SEKTORALE BEPALING VIR BOSBOU WERKERS

Lede wat hul eie plantasies en plantasiewerkers het, moet kennis neem dat die nuutste sektorale bepaling wat die nuutste minimum lone vir bosbou werkers bevat in GoN 208 van 13 Maart 2015 gepubliseer is. Die nuwe minimum lone, effektief vanaf 1 April 2015 vereis, dat werkgewers plantasiewerkers ten minste die minimum loon soos in die onderstaande tabel vervat, moet betaal.

Tabel 1: Minimum lone vir werkers in die Bosbousektor		
Minimum kerf vir die periode 1 April 2015 tot 29 Februarie 2016		
Maandeliks	Weekliks	Uurliks
R2606.78	R601.61	R13.37
Die loon verhoging van 1 April 2015 tot 29 Februarie 2016 sal 100% van die Plaaswerkers Loon wees.		

Lede moet onthou dat die bogenoemde nie van toepassing is op werkers in saagmeulens en paalaanlegte nie, maar slegs op bosbou (plantasie) werkers. Die saagmeul sektorale bepaling, soos gegee in SAWPA Nuusbrief nr. 192 van 29 Oktober 2014, is van toepassing op saagmeul- en paalaanlegwerkers.

SANS 754:2015 Ed 5.1

SANS 754:2015 Ed 5.1 is onlangs goedgekeur en gepubliseer en kan verkry word by die SABS standaardeverkope by http://store.sabs.co.za of epos: webstore@sabs.co.za of tel 012 428 6128. Alle aanlegte wat gesertifiseer is volgens SANS 754 moet die nuutste weergawe van die standaard hê en moet verseker dat die relevante personeel ingelig is en bekend is met die nuutste wysigings.

RIGLYNNOTAS TOT DIE DRUKTOERUSTING REGULASIES

Die Riglynnotas vir die Druktoerusting Regulasies van 17 Julie 2009 is onlangs hersien en is gepubliseer in GoN 167 van 27 Februarie 2015. Lede wat 'n elektroniese kopie van die hersiene riglynnotas wil hê, kan vir SAWPA kontak.

"INTERNATIONAL RESEARCH GROUP FOR WOOD PROTECTION"

Lede wat dalk belangstel, neem kennis dat die "International Research Group on Wood Protection" se jaarlikse byeenkoms, i.e. IRG46 vanaf 10 tot 14 Mei in Viña del Mar, Chile aangebied word. Die byeenkoms bring tussen 200 en 300 afgevaardigdes vanoor die hele wêreld bymekaar. Die groep bestaan uit wetenskaplikes van navorsings- en akademiese instansies, sowel as verteenwoordigers van chemiese, verwerkingsaanlegte, bedryf- assosiasies, ens, almal met 'n gedeelde belang in houtbeskerming- en duursaamheid. Jaarliks word tussen 100 tot 190 referate gelewer in parallelle sessies oor die verloop van die 4 dae. As 'n lid van die IRGWP, en na afloop van goedkeuring deur die SAWPA uitvoerende komitee, sal ek die byeenkoms bywoon ten einde op hoogte te bly met die nuutste inligting en verwikkelinge. SAWPA lede wat meer inligting soek oor lidmaatskap en moontlik ook om die IRG46 in Mei by te woon, kan die volgende webtuistes besoek: www.irg-wp.com en dan die skakel na www.irg46.com/

WERELDBOSBOUKONGRES

Plantasies en woude is van kardinale belang vir die voortbestaan en lewe op aarde, om die invloede van klimaatsverandering teë te werk en daarby aan te pas, om te verseker dat daar genoegsame vars water en suurstof is, om biodiversiteit te verbeter en om aan volhoubare inkomste en lewensbehoeftes te voorsien, insluitende voedselsekerheid. Maar plantasies en woude staan voor ongeëwenaarde en

onophoudelike druk. Die XIV Wêreld Bosbou Kongres wat deur Suid-Afrika aangebied word sal die globale bosbou gemeenskap byeenbring om die sleutel kwessies in oorsig te neem en te analiseer en om maniere om die kwessies aan te spreek, te deel.

Die Kongres – die eerste van sy soort in Afrika - is inklusief van mense van all lande, streke en sektore, hetsy hulle afkomstig is van regerings organisasies, nie-regeringsorganisasies, private maatskappye, navorsings- of professionele instansies, 'n bosbou gemeenskap, of bloot eenvoudig net 'n persoonlike belang het om die kongres by te woon. Die wyer deelname en inklusiewe besprekings oor bosbou kwessies sal bydra tot die hoofstroom insluiting daarvan in globale agendas oor volhoubare ontwikkeling sowel as die daarstel van nuwe vennootskappe.

Die Kongresprogram sal beide professioneel sowel as kultureel van waarde wees, met 'n verskeidenheid sessies, gebeurtenisse en dialoë, ten einde te verseker dat alle deelnemers betrokke is in die definiëring van die visie en strategieë vir die volhoubare toekoms van plantasies en woude, asook bosbou. Ons sien uit daarna om u te verwelkom in Durban. Besoek die amptelike XIV Wêreld Bosbou Kongres webtuiste: www.wfc2015.org.za

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Januarie, Februarie en Maart was onderskeidelik 62885, 53760 en 56062.

- SAWPA onderskryf nou aan "Specifile", een van Suid Afrika se grootste publiseerders van argitek, ingenieurs en konstruksie verwante inligting. Specifile bevat tans inligting van 3318 maatskappye bestaande uit verskaffers, assosiasies en professionele persone, en verskaf 'n platform waar belanghebbendes deur die webtuiste kan blaai of soek vir 'n spesifieke produk of verskaffer. Lede kan die SAWPA blad op Specifile besoek deur op die volgende skakel te klik. http://www.specifile.co.za/company/83377-south-african-wood-preservers-association-sawpa/

- Neem kennis dat ons amptelike webtuiste nou slegs www.sawpa.co.za is. Die ou www.sawpa.org.za sal steed bereikbaar wees maar sal slegs dien om die besoeker te herlei na die nuwe skakel.

- WAARSKUWINGSETTIKETTE: Lede word herinner om nog rolle van die etikette aan te vra wanneer nodig. SAWPA beveel aan dat ten minste 10 % van elke besending behandelde hout met die etikette gemerk moet wees alvorens dit die aanleg verlaat.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie